



Borde in die *grondpad* het die gaste aangepor met "Aanstap Rooies", "Die pad is lank en swaar", "Elsjè en Louis wag al daar," en "die koffie is al klaar!" Hulle's ingewag met lekkertes soos koeksisters, suurlemoenstroop, soetkoekies en ordéntlike moerkoffie.



# My lewe in 'n plakboek

deur JACQUELINE LEUVENINCK foto's ANDRÉ VAN NIEKERK

*Elsjè en Louis van Niekerk* van Kaapstad vertel hoe hul harte ná 'n lang pad van bid en glo tuisgekom het by mekaar.

LEK  
SUI  
LET SUI  
DET SOOS ST  
ASKAI

**E**k en Louis het die Karoo vir ons bruilof gekies. Vir sy eenvoud en sy skoonheid," sê Elsjè, (n nooi Van der Merwe) van Durbanville. "Ná tien jaar as grafiese ontwerper en stilis in onder meer die troubedryf met al sy oordaad wou ek net iets suiwer en gestroop hê, met God se stempel daarop."


Elsjè kon haar geliefde teen die agtergrond van 'n ondergaande son op 'n koppie tegemoet loop. Al die hartseer en alleen en al die lang wag vir die regte maat uiteindelik verby.

"Louis was 51, ek 42 teen die tyd dat ons ons lewe op Oujaarsdag 2011 naby Seweweekspoort gaan saambind het – met bruin Karoo-koppe en 'n rivier van geelblommende soetdoringbome as ons enigste dekor by die huweliksplegtigheid... Ek was aanvanklik sleepvoet vir die tradisionele duur seremonie. Maar vandat die eerste van ons 36 gaste die Donderdag op die afgeleë Boschluyskloof aangekom het, het als my wildste drome oortref."

Op die gastelys kon jy gou iets oor elke gas lees – nes almal se kindertydfoto's, 'n lekker aanknopingspunt. "Ons wou hulle tuis laat voel en die fokus 'n bietjie weg van ons af kry."

By die seremonie op die berg het al die gaste die bruidspaar geseën en onderneem om aan hul huwelik te help bou. Een sê agterna: "Met soveel Geesvervulde mense per vierkante meter was dit een van die onvergeetlikste ervarings van my lewe."

Elsjè beaam dit: "My peetma sê dit was of 'n groot, goedkeurende Teenwoordigheid soos 'n uitroepteken oor die hele gebeurtenis in ons opelugkatedraal gehang het."



Alles was spierwit of die kleur van klip en klei. *Wiegende wit lanterns*, tafels getooi met parmantige papierblomme, -koedoes en -windpompe, outydse los lekkers soos streepsuiker, ouma-wange en *secret messages*, en lapservette met F.A.K.-liedjies soos *My hartjie my liefie* het dié fees 'n nostalgiese hart gegee.

FOTOGRAAF Andre van Niekerk 072 148 8332, www.vividblue.co.za



Dit was 'n spesiale saamkom van *bruilofsgaste*, sommige onbekend aan mekaar, wat almal saam kon loof en deel uit die Woord. Een van hulle vertel: "Almal wóú vir Louis en Elsjè gelukkig sien – dis waarvoor ons gebid het. "En nou kon ons almal saam in die

dampkring staan van twee mense wat mekaar wil verstaan, wil liefhê en 'n mooi toekoms saam wil bou."



"Ons was dié Oujaarsdag so bewus van *tyd*, die oorgaan van die oue na die nuwe en twee mense wat met afwagting 'n nuwe lewe betree," onthou Elsjè se ma, Madeleine. "En sjoe, was dié Oujaarsand jolig! Teen middernag het die musiek al vuriger geword. En toe dans 'n jongeling 'n riel wat jou laat oopmond staan. Ek was bang hy kry nie weer sy bene losgeknoop nie!"

*vir ewig...*



Louis se soektog van oor die dertig jaar het hom byna laat hoop verloor. "Ek't in 'n stadium baie gestroop by 'n predikantvriend gaan sit om daarvoor te praat en te bid. Dit het daartoe gelei dat ek einde 2010 in *gehoorsaamheid* aan die Here met 'n omgeegroep vir alleenlopers by ons gemeente begin het waar ek vir Elsjè ontmoet het." Elsjè vertel: "Alleenwees verg moed. My ma het wonderlik vir my gebid... Dis makliker om met die verkeerde man te trou as om glad nie te trou nie. Maar dis só die moeite werd om te wag vir Mnr. Reg. En net te bly glo dat God sal voorsien."

Ná 12 jaar van met bruide werk, vat Elsjè vir eers 'n blaaskans van die harde werk van troues reël. Sy voer steeds nuwe kreatiewe planne (soos 'n aanlynwinkel) in die mou, en wil vorentoe veral op dekor fokus. "Ek moes vir so lank bid vir die regte man; ek wil hom nou eerste stel. Ek wil saam met Louis kan reis vir werk, saans kook en sommer net die lekkerte geniet van 'n *huweliksdroom* wat eers op 42 waar geword het!"



*...en altyd*

